SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 26 JULIE 2020

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

BAIE GELUK AAN DENNIS, ZS1AU

DIE SARL HF FOON KOMPETISIE OP SONDAG 2 AUGUSTUS

en

AMSAT SA OM VIRTUELE RUIMTESIMPOSIUM TE HOU OP 22 AUGUSTUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin vanoggend die bulletin met die nuus van 'n stil sleutel

Die SARL het verneem dat die sleutel van Tony Reumerman, ZS6AOG op 11 November 2019 stil geword het. Hy was baie aktief in AMSAT SA, die SARL en die vroeë BACAR-projekte. Tony het groot bydraes gelewer tot amateur radio. Hy het pakket radio aan Suid-Afrika bekendgestel en was 'n belangrike rol in die oprigting van die eerste digiherhalers.

Meer as 'n dekade gelede het Tony serebraal onbevoeg geraak en is hy versorg in 'n instansie wat spesialiseer in die versorging van mense met hierdie soort probleme. Hy was 80 toe hy dood is. Toe Tony onbekwaam geword het en nie in staat was om sy amateur radio aktiwiteit voort te sit nie, het sy gesin sy radiotoerusting verkoop en die opbrengs geskenk aan die SA Amateurradio ontwikkelingstrust, wat 'n beursskema vir jongmense opgestel het om die Radio Amateurs eksamen te studeer.

Kontak is verlore nadat sy gesin geïmmigreer het. Ray Webber, ZSRSW wat betrokke was by die opstel van die beursskema, het die seun van Tony Reumerman opgespoor waar hy betrokke is by natuurbewaring in Uganda. Hy het bevestig dat sy pa oorlede is.

POUSE

BAIE GELUK AAN DENNIS, ZS1AU

Op Woensdag 26 Julie 1950 is die 21-jarige Dennis Wells as ZS1AU gelisensieer. Hy gebruik hierdie roepsein al 60 jaar, tussen 1970 en 1980, was Dennis bek-

end as ZS4AU. Daar is 'n artikel in die Julie 2020 Nuusbrief van die Antieke Draadloos Vereniging. Laai die nuusbrief af van www.awasa.org.za/newsletters/

Die President, Raad en lede van die SARL wens Dennis geluk met die 70ste herdenking van sy lisensie vandag op Sondag 26 Julie 2020. Welgedaan Dennis!

FINALE LIDMAATSKAPFAKTURE IS UITGESTUUR

Vier honderd twee en tagtig lidmaatskap fakture vir die jaar 2020/21 is uitgestuur. Die Raad het besluit om die afsnydatum vir betalings met een maand te verleng. Deur die betaling in 2 tot 4 maandelikse paaiemente te verdeel, vergemaklik dit ons finansiële las. Afbetalings moet gereël en bevestig word deur 'n e-pos aan admin@sarl.org.za te stuur. Lede wat hierdie opsie gebruik, word versoek om teen die einde van Oktober 2020 ten volle te betaal.

DIE SARL HF FOON KOMPETISIE OP SONDAG 2 AUGUSTUS

Die doel van die SARL HF Kompetisies is dat deelnemers met soveel as moontlik amateurs in Suider-Afrika op die 20, 40 en 80 m amateur bande kontak maak. Daar is drie kompetisies gedurende Augustus.

Op Sondag 2 Augustus, van 14:00 tot 17:00 UTC, kan jy aan die HF Foon kompetisie deelneem. Die uitruiling is 'n RS-verslag en 'n reeksnommer vanaf 001. Jy kan deelneem as 'n enkel operateur enkelband, 'n enkel operateur alle bande, 'n multi-operateur enkelband of 'n multi-operateur alle bande stasie. Multi-operateur stasies hoef nie vanaf dieselfde plek te werk nie, elke operateur kan vanaf sy eie stasie werk (gesondheidsregulasies.) MOAB-stasies kan 'n aparte reeksnommer per band hê.

Elke QSO tel 1 punt. Elke roep area (8) wat per band gewerk word, tel 2 punte. Dieselfde stasie het op 80, 40 en 20 meter gewerk tel 2 punte. Die Stil Sleutel Herdenking ESB Trofee gaan na die hoogste telling, terwyl die Joseph White Trofee aan die hoogste telling op 'n enkele band gegee word. As jy die RAE in November 2019 geskryf het, staan jy 'n kans om die AKYAB-trofee te wen - die hoogste telling gedurende die eerste jaar op foon.

Dien jou logstaat in ADIF of Cabrillo met 'n opsommingsblad in of maak gebruik van die aflaaibare MS Excel-logstaat. Die logstate moet die kompetisie komitee by zs4bfn@mweb.co.za bereik teen nie later nie as 23:59 SAT op Sondag 9 Augustus. Blaai na bladsy 35 van die 2020 Blouboek.

Jy luister na  nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

AMSAT SA OM VIRTUELE RUIMTESIMPOSIUM TE HOU OP 22 AUGUSTUS

AMSAT SA hou sy jaarlikse Ruimtesimposium via videokonferensie van 10:00 tot 15:00 op Saterdag 22 Augustus 2020. Die simposium is oorspronklik op 11 Julie geskeduleer, maar as gevolg van die inperking en reisbeperkings moes dit uitgestel word. Die konferensie sal volledig interaktief wees. Besoek www.amsatsa.org.za vir meer besonderhede

DIE AUGUSTUS 2020 RADIO ZS

Die Augustus 2020-uitgawe van Radio ZS sal van Maandag 27 Julie beskikbaar wees vir aflaai op die Liga se webwerf. In hierdie uitgawe kyk ons na die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting en regulasies rakende die oprigting van torings. Ons bespreek die onsekere toekoms van amateur radio, wat is verkeerd met amateur radio en moet ons amateur radio-middelpunte nodig in plaas van klubs?

Om jou besig te hou, is daar 'n aantal projekte, soos 'n kompakte 20 meter-vertikale dipool vir ongesiens en draagbare toepassings, 'n antenna instemmer, 'n metode om spoele te draai en 'n moontlike projek vir radio amateurs langs die kus. Jy kan lees oor LunaART of die maan amateur radio transponder en die ontwerp- en vlug resultate van die BHF/UHF kommunikasiestelsel van Longjiang maan mikro-satelliete. In die Museumstuk kyk ons na amateur radio en die Falkland oorlog. En daar is meer in die August Radio ZS.

KOMPETISIE-UITSLAE

Drie en twintig logstate is ontvang vir die Hammies Naelloop wat op Sondag 14 Junie gehou is. Waar is al die Hammies?

1ste die ZS2 Hammies Klub, ZS2ZU - 103 punte

2de Jerry van Zijl, ZS2TL - 92 punte

3de Woody Collett, ZS3WL - 84 punte

4de Sybrand Cillie, ZS1SJ - 65 punte

5de die ZS6 Hammies Klub, ZS6ZU - 51 punte

Die kompetisie komitee het 47 e-posse ontvang met 46 logstate vir die SARL Woensdag 80 m Klub Naelloop wat op 15 Julie gehou is. 687 QSOs na 311 ruitblokke is gedurende die naelloop gemaak.

1ste die Wesrand ARK - 838 punte (20 logstate)

2de die Boland ARK - 548 punte (13 logstate)

3de die Bo-Karoo ARK - 410 punte (9 logstate)

4de die Hibiskus ARK - 138 punte (2 logstate)

Gesamentlike telling na 4 bene

1ste die Wesrand ARK - 3 521 punte

2de die Boland ARK - 3 123 punte

3de die Bo-Karoo ARK - 1 114 punte

4de Hibiskus ARK - 565 punte

Al die uitslae is in HF Happenings 909

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar 'n enkele sonvlek sigbaar maar geen sonfakkels word verwag nie. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral met sons ondergang DX openinge op die 20 en 30 m bande verwag.

Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

2 Augustus - die SARL HF Foon kompetisie

9 Augustus - die JD Naelloop

10 Augustus - die Jeug Naelloop

15 Augustus - die SARL 95 40 m Klub Naelloop en die Oorwinning in die Stille Oseaan-dag

16 Augustus - die SARL HF Digitale kompetisie

22 Augustus - AMSAT SA se Virtuele Ruimtesimposium en die AJV van die Namibiese Amateur Radioliga

22 en 23 Augustus - die Internasionale Vuurtoring en Ligskip naweek

30 Augustus - die SARL HF GG kompetisie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Op Woensdag 26 Julie 1950 is die 21-jarige Dennis Wells as ZS1AU gelisensieer. Hy gebruik hierdie roepsein al 60 jaar, tussen 1970 en 1980, was Dennis bekend as ZS4AU. Die President, Raad en lede van die SARL wens Dennis geluk met die 70ste herdenking van sy lisensie vandag op Sondag 26 Julie 2020. Welgedaan Dennis!

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Viv Dold ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.